Strand-Noord Gemeenskapsverslag

Die inligting verkry in die verslag is gebaseer op die deeglike navorsing van ons taak en luisterspan. Die verslag spruit voort uit ’n besluit wat die Kerkraad op 27 Ferbruarie 2012 geneem het dat ’n strategiese plan vir die gemeente opgestel moet word.

U het al gehoor van ons luisterproses, ek wil u graag herinner hoe dit werk.
Vertrekpunt: Ons moet fyn luister. (1.) Ons moet wat die Here sê, (2.) ons medegelowiges sê en (3.) die wêreld sê, hoor.

1. Ons **fokusteks**, Lukas 10:1-12, bring kernagtig iets tuis van wat die Here sê.
2. Die **luisterverslag** laat weet ons iets van die gemeente se hartklop
3. Die **gemeenskapverslag** laat ons luister na die wêreld rondom ons.

Dit sal sinvol wees om vinnig weer te kyk na ons fokusteks:

Lukas 10:1-12
10 Daarna het die Here twee en sewentig ander aangewys en hulle twee-twee voor
Hom uit gestuur na elke dorp en plek waarheen Hy van plan was om te gaan. [2] *Hy*
het vir hulle gesê: “Die oes is groot, maar die arbeiders min. Bid dan die Here aan
wie die oes behoort, om arbeiders uit te stuur vir sy oes. [3] *Gaan nou! Maar onthou:*
Ek stuur julle soos lammers tussen wolwe in. [4] *“Moenie ’n beurs of ’n reissak of*
skoene saamdra nie, en moenie langs die pad met groetery tyd verkwis nie. [5] *As julle*
in ’n huis kom, moet julle eerste woorde wees: ‘Vrede vir hierdie huis.’ [6] *As daar*
iemand woon vir wie die vrede bestem is, sal die vrede op hom bly; so nie, sal dit na
julle toe terugkom. [7] *Moenie van een huis na die ander trek nie, maar bly in dieselfde*
huis, eet en drink wat hulle voorhande het, want die arbeider is geregtig op sy loon. [8]
As julle in ’n dorp kom en hulle ontvang julle, eet dan wat hulle vir julle voorsit. [9]
Maak die siekes daar gesond en sê vir die mense: ‘Vir julle is die koninkryk van God
baie naby!’ [10] *Maar as julle in ’n dorp kom en hulle ontvang julle nie, gaan dan uit in*
sy strate en sê: [11] *‘Selfs julle dorp se stof wat aan ons voete sit, vee ons af as*
aanklag teen julle. Maar dit moet julle weet: die koninkryk van God is baie naby.’ [12]

Ek sê vir julle: Vir die mense van Sodom sal dit op dié dag draagliker wees as vir daardie dorp.

Kom ons gaan kyk na ons gemeenskap.
Statistiek (gebaseer op Sensus 2011)

Gemiddelde ouderdom van inwoners

- **20-29 jaar**: Nomzamo, Lwandle en Sir Lowryspas
- **30-39 jaar**: Gordonsbaai-Noord, Strand-Suid
- **40-45 jaar**: Gordonsbaai, Somerset-Wes
- **46 en ouer**: Strand-Noord, Bridgewater en Helderberg Village

Inkomste per huishouding

- **Laagste**: Nomzamo, Lwandle, Sir Lowryspas, Broadlands, Rusthof, Casablanca, Onverwacht
- **Gemiddeld**: Gordonsbaai, Strand, Bridgewater
- **Hoogste**: Somerset-Wes en Greenways

Meeste van ons (Strand-Noord lidmate) woon in die munisipale wyk 15:

- 99% het formele behuising,
- 99% het water, sanitasie en vullisverwydering en
- 94% van die werksmag (16-64 jaar) het ’n betrekking,
- 84% matriek en hoër kwalifikasie.

Indien ons gaan kyk na die ander wyke, is hierdie een van die mees bevoorregte wyke in ons ganse gemeenskap. Dit gemeet in terme van infrastruktuur, werksmag, geleerdheid en die gemiddelde ouderdom.

Al is die moderne lewe baie uitdagend, is dit belangrik om mekaar te herinner aan die feit dat God voorsien. Regdeur die Bybel sien ons dat wanneer God mense seën, Hy hulle seën om tot seën te wees vir ander. Die seëning wat ontvang is nie ter wille van hul eie gewin nie. Dit herinner aan die teksgedeelte:

1 Petrus 4

10 As goeie bedienaars van die veelvoudige genade van God moet elkeen, namate hy ’n genadegawe ontvang het, die ander dien.

Gemeenskapsvennote

Die Taak- en Luisterspanlede het verskeie organisasies in die gemeenskap besoek en by hul gaan hoor wat daar aan die gebeur is[1].

Aftreeoorde

Vereensaming van bejaardes is as een van die grootste uitdagings geïdentifiseer. Persone wat bereid is om tyd te spandeer met ander, musiekterapie aan te bied vir die bejaardes en eenvoudige Bybelstudies vir die Alzheimer-pasiënte aan te bied sal hoog op die prys gestel word.

Vereensaming is ook ’n realiteit in die gemeente. Talle bejaardes, soms ons bure, sit eensaam agter hoë mure sonder dat ons daarvan bewus is. Wie is jou buurman/vrou en wat sy of haar verhaal?

[1] U kan as gegewe aanvaar dat fisiese behoeftes by elkeen van die afdelings figureer. Daarom word daar nie verder daarvan melding gemaak in die verslag nie.

Hospitale

As deel van dié ondersoek is daar aan vier instansies, naamlik Cotlands, Helderberg Hospice, Helderberg Hospitaal en Vergelegen Medi-Clinic, besoek afgelê.

Dit is duidelik dat veral Cotlands en Helderberg hospice baie afhanklik is van vrywilligers om hul dienste te lewer. Dit is mooi om verhale te hoor van mense wat reeds betrokke is en ŉ verskil daar maak. Individue wat betrokke kan raak by dié instansies word altyd verwelkom en daar is meer as genoeg vir hulle om te doen. Aangesien Cotlands, Helderberg hospice en Helderberg hospitaal die breër gemeenskap bedien en sover moontlik gratis dienste probeer lewer, word veral die insette van kundiges baie waardeer. Die uitdaging wat MIV vigs aan individue, gesinne en die gemeenskap bied kan nie oorskat word nie.

Dit is opvallend dat van die grootste uitdagings by die ander hospitale telkens die personeel is wat hulself finansieel in moeilike omstandighede bevind. Daar is baie voorbeelde van mense wat nie toegerus is om met geld te kan werk nie of bloot nie met hul geld uitkom nie omdat een salaris ŉ hele familie moet onderhou.

Morele ondersteuning vir pasiënte en werknemers sal baie beteken. Vrywilligers wat bereid is om met personeellede en pasiënte ŉ pad te stap sal ŉ groot verskil maak.

Skole

In ons omgewing is Lochnerhof, Hendrik Louw en die Hoërskool Strand besoek.

Die skole in ons omgewing is wonderlike vennote met wie ons reeds ŉ goeie verhouding geniet.

Kinders se tekort aan dissipline is beslis vandag ŉ uitdaging. Heelwat probeer alkohol en dwelms. Tegnologie stel hul bloot aan die verkeerde dinge, soos pornografie.

Amper 40% van ons kinders kom uit gesinne wat nie kerngesinne is nie. In ons land is die gemiddeld dat slegs 32% kinders in ’n normale huishouding grootword.
Die groot uitdaging is dat ouers onbetrokke in hul kinders se lewens is. Welgestelde ouers is telkens afwesig en totaal loopbaan gefokus. In arm huishoudings is daar telkens substansiemisbruik. Alhoewel die scenario’s radikaal verskil is die eindresultaat soortgelyk: Die kinders is sonder ouerleiding.

Daar is laerskool kinders wat tydens skoolvakansies by skole se nasorgprogramme is omdat hul ouers voltyds werk. Een van die skoolhoofde meen dat kerklike vakansieprogramme vir dié kinders van waarde kan wees. Daar is gesê dat: “Kerke kinders kan help met die bou van ’n geloof-fondasie en die vestiging van Christelike waardes.”

Staatsaanklaer

Die grootste probleem in ons omgewing is nie aanranding, inbrake, diefstal of moord nie, maar seksuele misdade. Hiervan is ’n baie groot deel die molestasie van kinders, telkens in eie gesin. Die staatsaanklaer het ons ook gewaarsku teen die wanpersepsie dat dié dinge slegs beperk is tot sekere groepe. Dit kom oral voor...

Inbrake en diefstal is ook ’n massiewe probleem. Die staatsaanklaer beweer dat 100% van diefstal en inbrake in ons omgewing deur dwelm misbruik gemotiveer is. 100%!!!!
Die dwelm van voorkeur: TIK
Hoekom tik?
Dit is goedkoop, maklik om te vervaardig en hoogsverslawend.

Hoe kan ons mense help in die verband?
Dit is nie ’n probleem daar ver nie, dit is ’n probleem hier vandag. Dit is nie ander mense se probleem nie, dit is ons probleem. Die samelewing se geluk, veiligheid en toekoms is in gedrang indien daar nie daadwerklik opgetree word nie.

Die Polisie

Met die besoek aan die polisie is daar ŉ baie mooi inisiatief, die Strand Victim Support Room, raak gesien. Hier bied vrywilligers ondersteuning aan mense wat slagoffers van misdaad is. Jeugdiges op straat word ook bygestaan. Armoede, werkloosheid, middelmisbruik en gebroke gesinne lê op die agtergrond van die mense wat terugkom by die polisie.

Die uitdaging van armoede en werkloosheid moet ernstig opgeneem word, omdat dit ten diepste ŉ mens se selfbeeld vernietig. Dwelmmisbruik is male sonder tal die gevolg van ŉ swak selfbeeld. Dit lei tot ŉ siklus van misdade o.m: seksuele misdade, roof en moord.

Welsynsorganisasies

Daar is met talle geregistreerde welsynsorganisasies onderhoude gevoer. Dit sluit in enige organisasie wat gemeenskapsdienste lewer o.a. vakbonde, kerklike organisasies en gemeenskapsorganisasies.

Hierdie ondersoek het interessante inligting na vore gebring. Het u geweet dat daar 314 geregistreerde NRO's in die Wes-Kaap is?

Dit maak ŉ mens opgewonde, maar ook terselfde tyd hartseer om dit te hoor. Opgewonde, want dit beteken dat daar ongelooflik baie mense is wat iets wil doen vir die samelewing. Hartseer, want dinge lyk sleg en mense kry swaar ten spyte hiervan. Die organisasies het altyd ŉ behoefte aan materiële dinge, maar ook aan mense wat omgee en hulle ondersteun.

Hoe voorkom ons dat Strand-Noord nie net NRO nommer 315 word nie? "Deur waarlik kerk te wees" reken ŉ lidmaat. Kom ons help mekaar om waarlik in Strand-Noord *kerk te wees*.